

AREA 8

JAARVERSLAG 2021

Een van die lekkerste dinge in die VLU vir my, is die saamstel van die Jaarverslag – om te kan sien wat het in al die takke gebeur.

Baie dankie vir die geleentheid om die jaarverslag van Area 8 vir 2021 aan u voor te hou.

Soos die jare aanstap, is ek telkens verras oor die vindingrykheid van dames. In 2021 beleef ons weer eens 'n Covid-aanslag, maar hierdie keer is die dames van Area 8 gerat en word Youtube, Whatsapp, Videos en talle ander tegnologie mildelik ingespan om vergaderings te hou. "Virtueel" word die "gonswoord" en VLU beur voort.

Area 8 begin die jaar met 5 takke, nl. Henneman, Jubileum, Ventersburg, Virginia en Welkom en 85 lede. Ons sluit die jaar af met 91 lede. Welkom-tak kry gedurende die jaar 7 nuwe lede by. 69 Lede woon die Areakonferensie by. 19 Dames het die heerlike VVLU-kongres bygewoon en in November is daar 61 dames van 16 takke wat die Verrykingseminaar op Virginia bywoon.

Dis met leedwese dat ons afskeid moes neem van, asook 'n oud-lid Naomi Dippenaar (Jubileum).

Dames het baie ywerig aan die verskillende tak- en VVLU-kompetisies deelgeneem. Blommerangskikking is ongelukkig die afskeepkind, maar die ander aktiwiteite vind groot byval. 102 Artikels word beoordeel vir die Konferensie van 2021. 25 Artikels van die Area is deur na die VVLU-kongres. Tydens die VVLU-kongres behaal die Area 4 x 1e, 1 x 2e en 3 x 3e plekke – dus eindig 8 van die 25 onder die eerste 3. Area 8 eindig ook algeheel derde – vir die eerste keer in baie jare! Ek glo dit is 'n groot uitdaging vir die dames van Area 8 om vanjaar daarop te verbeter! 4 Artikels uit die Area is deur na die SAVLU-kongres toe en ons is baie trots op Desiree Korb van Welkom-tak met haar derde plek in skilderkuns wat sy behaal het.

Vergaderings word sover moontlik maandeliks gehou. As Covid sy tande ingeslaan het, is vergaderings Virtueel gehou.

Youtube is ryklik gebruik vir demonstrasies. So is Omelet-muffins, Hoender-mayonnaise Knoffelbrood, Ontbytskinkborde, Vou van eetservette, maak van Roullade en Lintblomme, kreatiewe

vetplanttuintjies, blomme met papierdoillies en kunswerke met kos gedoen. Lede het sommer self ook demonstrasies per video gedoen: Cornelia wys vir Jubileum hoe om knoopkombersies te maak en hulle leer hoe om Maleisiese kerrie voor te berei. Christine by Welkom-tak maak 'n "Braaipaa". Ventersburg-lede demonstreer self tydens vergaderings hoe om potplanthouers van vloeibare wasseepbottels te maak en hoe om klere weer nuut te maak met plantkleursel. Steak en wors van Waggu-beeste word tydens 'n vergadering vir hulle gegee om te proe. Laserwerk met 'n masjien word ook vir hulle gewys en elkeen ontvang 'n sleutelhouertjie met haar naam daarop. Elmien kan toor met 'n waslap en handdoek en sy wys o.a. vir die lede hoe om 'n olifantjie met 'n handdoek vir die gastekamer te vou.

11 Lede van Area 8 het die voorreg gehad om die Blomkursus wat deur Oranje-Blomme Unie in Kroonstad aangebied is, saam met Area 1 te gaan bywoon. Baie nuttige inligting i.v.m. rangskikkings is deurgegee en voorbeelde van 2022 en 2023 se rangskikkings is gemaak en bespreek. OBU het ook 'n belofte gemaak dat daar in 2022 meer besoeke en werkswinkels in Welkom of Kroonstad aangebied sal word.

Interieur is deur takke gedek met praatjies oor nuutste neigings in binneshuise versiering.

Sprekers het verskeie Aktuele onderwerpe gedek soos bv. Plaasvoorvalle en Veiligheid, ook op dorpe, wenke vir immunisasie teen Covid, hoe sielkundig voorberei moet word vir aftrede, asook Boedels en Testamente. Aktuele onderwerpe in die Volksblad, wat nou virtueel verskyn, is behandel.

Vandag se Vrou is ingelig oor Tuinmaak in September, hoe om 'n groente- en blomtuin te maak met min spasie tot haar beskikking, hoe om werklik dankbaar te wees, hoe om skoonheid en styl haar eie te maak en watter eise aan vandag se vrou gestel word en hoe dit hanteer kan word.

Die waarde van kruie in die daaglikse dieet, gewigsverlies en die belang van oefening vir 'n gesonde leefstyl, regte eetgewoontes, die eet van Indiese kos en die dag in die lewe van 'n ma met 'n outistiese seun is gebruik om die Leefstyl-tema in te kleur.

Alhoewel Covid 'n demper op reis geplaas het, het dit die dames nie afgeskrik nie en het hulle geleer hoe om hulle tasse ekonomies te pak as hulle weer wil reis sodra Covid iets van die verlede is. Rina by

Jubileum het aan hulle verduidelik dat hulle nie aardse tasse moet pak nie, maar goddelike tasse van geloof. 'n Heerlike virtuele karavaantoer deur Botswana is ook deur Welkom onderneem.

Dis geen wonder dat ons VLU-dames kreatief is nie, want in 2021 het hulle geleer van geskikte plante vir verskillende soorte tuine, hoe om kreatief te wees in die huis m.b.v. tjokoverf, hoe om 'n versierde planthouertjie te maak en hoe om klippe met dot art te verf.

Die maak van 'n plompie-poppie, 'n klein artikel met heksagone, oortrek van 'n sneesdoekhouer versier met lapblomme het dames weer lus gemaak vir Naaldwerk. Knoopkometersies is ook gemaak vir die SAVLU-projek.

Om vir mekaar "om te gee", om mekaar te "koester", om uit te reik na ander was die lyn wat deur al die sprekers se boodskappe oor Welwillendheid geloop het. En ons takke het vanjaar regtig hulle kant gebring. Behalwe die SAVLU-kometersies, was Virginia en Welkom betrokke by Jeugsorgsentrusse met kos- en klereskenkings, Hennenman en Ventersburg was betrokke by die Tehuise vir Bejaardes. Ventersburg het Bottels van Hoop aan die kerk se projek vir behoeftiges geskenk. Al die takke het uitgereik na hospitaal-/kliniekpersoneel met die heerlikste Kolwyntjies. Welkom het met 'n projek begin om elke Maandag die bejaardes by Silver Village, waar hoofsaaklik Alzheimerpatiënte is, te gaan besig hou met handwerk en/of speletjies. Hulle het ook in Oktober Kolwyntjies gaan afgee by die Kankerafdeling by St Helenahospitaal. Jubileum het klippe gevef met 'n bemoedigende boodskap op en dit op verskillende plekke neergesit en positiewe terugvoer daarvoor gekry.

Twee werkswinkels is vir die Area aangebied, naamlik Richelieu-borduurwerk en "Stitch en Slash"-naaldwerk artikels is gemaak. Wat 'n heerlike verrassing was dit nie om te sien dat van ons dames die "stitch-en-slash" toegepas het op artikels wat vir die konferensie ingeskryf is.

Area 8 was ook op ander gebiede by die gemeenskap betrokke. 'n Koekbakkompetisie vir Graad 10 & 11-Verbruikerstudieleerders is gehou. Daar was net 7 dogters wat deelgeneem het, maar ons glo dis 'n begin van groot dinge. Hulle was baie positief en die mooiste versierde koeke is gemaak. Ons was verstom. Elke dogter het 'n sertifikaat ontvang en kookboeke is vir eerste, tweede en derde pryse toegeken.

Virginia het 'n leeskompetisie by Voluit Primêre Skool gehou en pryse toegeken. Jubileum het boekpryse oorhandig by Orion Skool en

Naudeville Primêr. Ons glo dat ons ook hierdie twee kompetisies in 2022 tot groter hoogtes kan neem.

Ons is so dankbaar teenoor ons Hemelse Vader vir al die geleenthede wat in hierdie jaar op ons pad gekom het. Ons glo dat VLU en die aktiwiteite wat ons hier doen tot Sy eer en verheerliking moet strek.

Mev. Pienaar, ek glo dat u sal saamstem dat ons hier met 'n klomp baie positiewe, entoesiastiese dames te doen het.